PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

## RHS is die onbetwiste netbalskool van Noordwes



RHS se o/14A, o/17A, en eerstespan voor hulle vertrek na die Suid-Afrikaanse kampioenskappe.

**Rustenburg** – Hoërskool Rustenburg (RHS) het uitstekend presteer tydens die Twizza-toernooi wat op 12 en 13 Julie by die Hoër Volkskool Potchefstroom gehou is. Hulle is as die derde beste skool by die toernooi aangewys en slegs Afrikaans Hoër Meisieskool Pretoria en die Hoërskool Menlopark kon hulle die loef afsteek.

Vyf spanne van RHS het deelgeneem. Die o/14s is as die kampioene gekroon en die eerste span het met silwer medaljes van die baan afgestap. Die o/17-span het ook uitstekend presteer tydens die strawwe kompetisie.

By die pas afgelope nasionale kampioenskap by die Hoërskool EG Jansen behaal die Rusties die uitsonderlike prestasie waar hulle in drie van die vier ouderdomme in die top vyf in Suid-Afrika eindig.

Die o/14-span onder leiding van me. Marianne Ray het vyfde geëindig, die o.17's onder leiding van me. Nadia Bester eindig vierde en die kersie op die koek was die eerste span se silwer medalje onder leiding van Elsa Morris.

## MEET THE PLAYER

### Maliviwe 'Big Fish' Simanga

**Rustenburg** – The 25-year old Newrak Impala Rugby hooker Maliviwe Simanga grew up watching his father and other family members play rugby and fell in love with the sport.

"I was very playful when I was young and grew up with older guys who used to bully me a lot, they used to say that they are making me tough and today it really shows in my games," said Maliviwe in an interview with *Platinum Weekly*.

'Big Fish' as he is better known, believes in experiencing new things and living life to the fullest. He spends a lot of the time in the gym and he is busy with his electrical engineering learnership at Impala Platinum Mine.

When asked how he balances work, rugby and a social life he answered: "Rugby is basically my life because this is where I make friendships that will last a lifetime. Sometimes it gets a bit difficult but on the days that we are off, I take some time for myself."

By taking time for himself he means spending time with his five-month old daughter, Ziincebazakhe. "I used to really love going out with friends and family just enjoying life, but since I became a father, I really love spending time with my daughter."



Maliviwe 'Big Fish' Simanga

2019 SUPERRUGBY

SUPER RUGBY

## 2019 CURRIEBEKER

**Bulle vs Cheetahs**

Op Fort Loftus vreet ons bulle maar toe weer van die gras af en kry 'n vieslike pakslae by die Vrystaters en verloor 27-43 ou grote. Die Blikore het weliswaar goed gelyk en kan dalk weer die beker Bloem toe vat as hulle so voortbou.

Vir die arme Ruan Steenkamp was dit nou nie juis die beste *game* ooit om as *cappie* vir die eerste keer op te draf vir die Bulle nie. Die Bulle verloor nou twee in 'n ry – en om 'n tuis *game* te verloor is tot vir die kopdokter in Brakpan 'n nagmerrie. Die Bulle speel volgende teen die Pumas in Nelspruit met die Cheetahs wat tuis teen die onoorwonne Griekwas gaan opdraf.

**Griekwas vs Pumas**

In Kimberley bou die Griekwas voort op hulle goeie spel en klop die Pumas in 'n aanskoulike *game* 37-29. Die veteraan George Whitehead is die generaal in die Griekwas se span en lei die een aanslag na die ander.

Die Griekwas se volgende *game* is teen hulle aartsvyande en die *game* is in Bloemfontein teen die Cheetahs wat beïndruk het met hulle terugkeer in SA rugby.

Die Pumas gaan volgende gasheer speel vir die gekweste Bulle in Nelspruit.

**Haaie vs WP**

In die Haaitenk verras die Durbaniete vriend en vyand met puik spel om die Kapenaars 32-27 te klop in 'n goeie *rugga game* ou grote. Die Haaie se verdediging was iets ysliks – senter Jeremy Ward op die voorste linie was dodelik. Hy het 'n paar keer die WP pimpel en pers geduik.

Die Haaie het 'n loslootjie volgende met die WP wat teen die Leeus op Nuweland gaan uitdraf.

**Nag ou grote…**

## 2019 RUGBY KAMPIOENSKAPSREEKS

**SA vs Australië**

Op Ellispark verras die "B"-span van Suid Afrika en klop Australië gemaklik 35-17 en behaal ook 'n waardevolle bonuspunt. Die Bokke was voorlangs eenvoudig net te sterk vir die Aussies met Eben Etzebeth en Pieter-Steph du Toit wat van vooraf gelei het. Dan het die dag egter aan die nuweling skrummie Herschel Jantjies behoort. Hierdie buksie het gewys dat sy ghoenas groter as sy vuiste is en het 'n droom *debuut* gehad. Hy word ook beloon met twee skitter drieë. Rassie het hier raak gevat vir 'n verandering!

Die Bokke speel Saterdag teen die All Blacks om 09:35 in Wellington en dit beloof 'n lekker rillertjie te wees maat! Duane Vermeulen is die nuwe Bok *cappie* en Kwagga Smit is die ses flank... En Elton Jantjies is nie daar nie – man dit kan net goed gaan! Die Aussies reis Buenos Aires toe om teen die Pumas uit te draf.

**Argentinië vs Nieu-Seeland**

In Buenos Aires moes die All Blacks wragtig hard werk om die begeesterde Pumas in toom te hou maar swig toe nie onder die druk nie, en wen 20-16. Die Pumas kon nog nooit die Kiwi's wen nie en moet maar nog 'n jaar wag - of dalk later vanjaar in die Wêreld Beker kan hulle paaie weer kruis. Dit was 'n taai affêre met die rustyd telling op 20-5. Die Kiwi's wat geen punte kon aanteken in die tweede helfte nie, slaag met onderskeiding in hulle verdediging. Die All Blacks speel volgende teen die Bokke in Wellington en maak geen geheim daarvan dat hulle nie 'n maklike dag op kantoor gaan beleef nie. **Nag ou groenie...**

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

## PLATINUM EVENT DIARY

| PW EVENTS | Date | Venue | Tel | Email |
|---|---|---|---|---|
| Lebone Parkrun | 27 Jul '19 | RTB: Lebone II, College of the Royal Bafokeng | 014-566-1510 | lebonehelpers@parkrun.com |
| Super Fest Student Talent Search | 27 Jul '19 | RTB: Library | 014-594-9888 | hendrickp@nedbank.co.za |
| Skills Experience Dual Sport Adventure | 27 Jul '19 | RTB: Dinie Estate Road Plot 16 | 083-704-2390 | admin@dualsportadventure.co.za |
| Boeremark | 27 Jul '19 | RTB: Pink Rocks (ou Kalakiri) | 082-290-6537 | |
| 'n Pretdag vir Jaco Fourie | 27 Jul '19 | RTB: Libertas Wedding & Function Venue | 082-375-1221 | libertasvenue@gmail.com |
| Kgaswane MTB Race | 27 Jul '19 | RTB: Excalibur Boutique Hotel | 083-417-4393 | g.taylor@mweb.co.za |
| Kaalvoetkinders | 27 Jul '19 | RTB: Hedgehog's Nest | 082-663-7281 | events@hedgehogsnest.co.za |
| Local Government Municipal Meeting | 30 Jul '19 | RTB: Civic Centre | 082-717-4374 | aseome@rustenburg.gov.za |
| Social Dance Classes | 31 Jul '19 | RTB: Jennifer Petersen School of Ballet | 014-597-3354 | balletrtb@telkomsa.net |
| Heidi Peter couture presents 'I have a dream' | 3 Aug '19 | RTB: Hedgehog's Nest | 082-663-7281 | events@hedgehogsnest.co.za |
| Apiesdoring Karnaval | 3 Aug '19 | TBZ: Hervormde Kerk | 083-488-6357 | www.apiesdoringkarnaval.co.za. |
| Heidi Peter Couture Fashion Extravaganza | 3 Aug '19 | RTB: Hedgehog's Nest | 082-663-7281 | events@hedgehogsnest.co.za |
| Groot Marico MTB Race | 3 Aug '19 | GROOT MARICO: Bosman Terrain | 082-856-1673 | info@rustenburgrotaryclub.co.za |
| Fun Run: Fundraiser for Life Changing Ministries | 9 Aug '19 | RTB: Loerkop Adventures | 081-527-6909 | info@prophetrodneyministry.com |